# HANDELINGE



## Inhoudsopgawe

Handelinge: Die Heilige Gees .................... 4
Na die uithoeke van die aarde .................... 6

**Handelinge: Die Heilige Gees**

Voor enige iets nog kon begin leef
het die Gees al oor die waters gesweef (Gen 1:2)

<u>Die Heilige Gees en Jesus</u>
In die evangelie van Lukas kan jy lees
Dat Hy in Maria verwek is deur die Gees (Luk 1:35)
By Jesus se doop word daar verhaal
dat die Gees soos 'n duif op Hom daal. (Luk 3:21,22).
Jesus wat wel gedood is na die vlees,
is lewend gemaak deur die Gees. (I Pet 3:18).

Ek sal tot die Vader bid
dan sy Hy 'n Trooster by jul sit. (Joh 14:16; 16:7)
Hy sal julle dan elke keer
herinner wat Ek jul nou leer (Joh 14:26)

<u>Die uitstorting van die Gees (Hand 2):</u>
Julle sal krag ontvang as die Gees oor julle kom
tot My boodskap in die uithoeke van die wêreld kom. (Hand 1:8)

Met die Pinksterfees was almal bymekaar
'n Stormwind vul die vertrek toe daar.
'n Vuur wat in tonge verdeel,
het oor hulle koppe gespeel.
Geesvervullend is niemand dieselfde gelaat.
Almal het in verskillende tale begin praat.

Julle moet dit so vertolk:
Bloed en vuur en wolk,
is tekens wat mens in Jesaja lees,
tydens die uitstorting van die Gees

<u>Die Heilige Gees en jy.</u>
As kind is jy gebore in die vlees
Jy word weer gebore deur die Gees. (Joh 3:3-8).

Die Gees deursoek vir jou elke ding
en sal jou God se geheimenisse bring (I Kor 2:10,11).
Die Gees sal jou in die waarheid lei
en so sal jy die toekoms boodskap kry (Joh 16:13).

As jy glo en met God se dinge stoei:
Lewende water sal uit jou binneste vloei (Jes 58:11).
Jou lewe moet nou anders wees,
want dis die tempel van die Gees. (I Kor 6:19,20).
Die nege vrugte van die Gees,
moet in jou lewe sigbaar wees. (Gal 5:22).

Die Heilige Gees het vir jou gawes gegee,
tot nut van ander - wat maak jý daarmee? (I Kor 12:4,7).

**Na die uithoeke van die aarde**

Die Evangelie in Jerusalem (Lees Hand 6:1-7).
Toe die weduwees afgeskeep word,
het die dissipels besef diakens kort.
Hulle kon toe die Woord bly leer
en so word die gelowiges net meer.

Die eerste martelaar vir die Evangelie (Hand 6:8-15 en Hand 7).
Stefanus was vol van die Heilige Gees -
God se krag was duidelik in Hom gewees.
Hulle het sy Skrif boodskap nie verstaan,
selfs al het hy Jesus in die hemel sien staan.
Woedend, wreed het hulle Stefanus gestenig!
Met "vergewe hulle" is hy met Jesus verenig.

Paulus se bekering (Hand 9:1-21).
Paulus het toestemming ontvang
om gelowiges in Damaskus te vang.
'n Lig uit die hemel het op hom gestraal:
"Saul, Saul, waarom vervolg jy My?
Verkondig dat Ek vir sondes betaal
as jy dit net glo is jy daarvan bevry!"

Die Evangelie na Samaria (Hand 10:34-11:19).
Kornelius het gebid.
Hy hoor toe 'n stem: "God sien wat jy doen"
God wou heidene met Hom versoen…

Petrus het gebid.
'n Laken vol diere  was daar
"Kom, Petrus, slag en eet."
Ek eet nie iets onrein, U weet?
Ek het dit rein verklaar…

Net toe kom Kornelius se boodskappers aan
en Petrus het die gesig se betekenis verstaan:
"Ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak
Wie ook al glo, sal Sy kind raak!"

Die Heilige Gees is op hul uitgestort
Ja, hulle het God se kinders geword!